# 15 Mei 2023 - Lesing 21 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

**Verwysing na die einde van 'n tydperk 22/4/57**

**NO: 6812** Julle gaan 'n nuwe ontwikkelingstadium binne, **want 'n verlossingsperiode is voltooi en 'n nuwe begin.** Al dikwels is dit vir julle gesê sonder om egter geloof te vind by julle. En tog is dit van die grootste belang dat julle daaraan glo, omdat julle self bepaal of julle julleself positief of negatief ontwikkel, maar die lot wat julle te wagte staan is van die een na die ander geval baie verskillend, **of bomate heerlik en mooi, of verskriklik kwellend.**

Van nou af aan sal julle lewe nie meer so eentonig verloop soos tot nou toe nie, veeleer kom daar 'n **groot omwenteling** soos wat julle dit nie vir julle kan voorstel nie en daarom leef julle nog so onverskillig vêrder, ofskoon julle steeds weer daarop gewys word. Maar julle glo nie wat aan julle verkondig word deur die bodes wat Ek gestuur het nie. En eens sal dit julle bitter berou dat julle dit nie aangeneem het nie en nog baie minder gevolg gegee het aan dit wat julle aangeraai was.

My Woord is die enigste moontlikheid om julle daarop te wys wat julle te wagte staan en daarom spreek Ek steeds weer deur die mond van een mens (Bertha Dudde) tot julle - en Ek sou graag in soverre geloof by julle wil vind, dat julle daaroor sou nadink en vir julleself eens rekenskap gee oor julle lewenswandel. Wie luister egter na My Woord? Wie herken dit as die stem van sy Vader, Wie Sy kinders wil red van die verderf?

Die geestelike hoogmoed van die mense is so groot dat hulle hul eie denke die hoogste aanslaan en niks wil aanneem nie, **omdat hulle meen dat hulle geen onderrigting nodig het nie**. Hulle stel hulself tevrede met dooie leerstof wat alle heilsame krag verloor het. En diegene wat hul in die wêreld uitgee as My verteenwoordigers op aarde, **het self te weinig innerlike kontak met My,** - anders sou hulle van My dieselfde aanspreking kan verneem, dieselfde vermanings en waarskuwings. **En hulle sou My dan ook deur hul mond laat spreek** sodat ook hul toehoorders dieselfde oorgebring kan word wat Ek steeds weer bekend maak: Dat julle voor 'n groot omwenteling staan, - geestelik en aards.

Julle mense maak egter nog baie planne vir die toekoms, julle skep en werk asof daar ewige tye tot julle beskikking staan. Julle wil nie aan 'n beëindiging van 'n tydperk glo nie, wat julle egter op kort termyn te wagte staan. Aards is julle dus onafgebroke besig, **maar wat doen julle vir julle siele?** Waarom dink julle nie net so aan haar nie, terwyl julle tog weet dat julle eendag sal moet sterwe en tog niks van julle aardse goedere met julle kan saamneem in die hiernamaals nie?

Wanneer Ek julle egter sê dat 'n skielike einde die lewe van alle mense sal afbreek, dan sou dit julle tog daartoe moet bring om meer werk aan julle siel te bestee om die nutteloosheid van die aardse gejaag en strewe begryplik te maak. Maar julle glo nie en julle kan ook nie gedwing word om te glo nie. Tog sal julle dit steeds weer van My deur My bodes hoor, wat vir julle My Woord bring. Want julle sal nie kan sê dat julle nie daarvan op hoogte gebring was nie, julle sal nie kan sê dat julle sonder waarskuwing verras is nie. En daarom sal daar steeds weer mense wat vermaan en waarsku oor julle pad kom, maar ook die gebeurtenisse rondom julle sal daartoe bydra dat julle sal gaan nadink.

En salig hy wat daarop ag slaan en homself daarop instel dat daar 'n groot verandering gaan plaasvind. **Hulle sal My waarlik eendag daarvoor bedank dat Ek hul gewys het op dit wat gaan kom**, - want die tyd is vervul wat julle toegeken was om julle geestelik te vervolmaak. Amein.